BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

90c | Maandag 14 April 1986 | WINDHOEK | Monday 14 April 1986 | No 5196

INHOUD: | CONTENTS:


| | Bladsy | | Page |
|---|---|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | **GOVERNMENT NOTICE** | |
| No. 71 Afkondiging van Boedelwysigingswet, 1986 (Wet 6 van 1986), van die Nasionale Vergadering. | 1 | No. 71 Promulgation of Administration of Estates Amendment Act, 1986 (Act 6 of 1986), of the National Assembly. | 1 |


## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 71 1986

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 6 van 1986: Boedelwysigingswet, 1986.

## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 71 1986

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 6 of 1986: Administration of Estates Amendment Act, 1986.

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

______ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# WET

**Tot wysiging van die Boedelwet, 1965, ten einde sekere verouderde bepalings in sekere artikels van genoemde Wet te vervang; voorsiening te maak vir die voorlegging vir taksasie van 'n taksateur se rekening slegs in die geval van 'n geskil; die lewering van bewys van 'n sterfgeval in sekere gevalle verpligtend te maak; weg te doen met die plig van die Meester om opgawes van sekere regte ten opsigte van onroerende goed aan registrasiebeamptes te verstrek; die stappe wat die Meester moet doen ten einde eksekuteurs aan te stel waar geen eksekuteur benoem is nie, of by dood, onbevoegdheid of weiering om op te tree, beter te reël; die beredderlng van boedels van persone wat by hulle dood nie in die Republiek woon nie, verder te reël; die inlewering van 'n inventaris en addisionele inventaris verder te reël; die plig van 'n eksekuteur om 'n bankrekening op naam van 'n boedel te open, duideliker te reël, en die bevoegdheid van 'n eksekuteur om so 'n rekening oor te plaas of gelde in so 'n rekening te belê, beter te reël; weg te doen met die bevoegdheid van die Meester om 'n korter tydperk te gelas om eise in sekere boedels te bewys; die bedrag geld waartoe eksekusieverkopings van goed in bestorwe boedels beperk is, te verhoog; die pligte van eksekuteurs in verband met likwidasie- en distribusierekenings verder te reël, en voorsiening te maak vir die voorlegging aan die Meester van aanvullende likwidasie- en distribusierekenings ten opsigte van bates wat in boedels gevind word nadat finale rekenings voorgelê is; die eksekuteur in sekere omstandighede vry te stel van die plig om sekere rekenings te publiseer; te bepaal dat bewysstukke ter stawing van sekere likwidasie- en distribusierekenings slegs voorgelê moet word indien die Meester dit vereis; die bevoegdhede van die Meester of iemand wat by die beredderlng of verdeling van 'n boedel belang het, wanneer die eksekuteur versuim om rekenings in te lewer of om pligte uit te voer, duideliker te reël; 'n transportbesorger die plig op te lê om 'n sertifikaat dat 'n voorgenome transport of aantekening in ooreenstemming met die likwidasie- en distribusierekening is by die betrokke registrasiebeampte in te lewer; natuurlike voogde van minderjarige erfgename in sekere omstandighede vry te stel van die verpligting om sekerheid te stel ten opsigte van geld of ander roerende goed wat aan hulle ten behoewe van**

**EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in bold typing in square brackets indicate omissions proposed.

---

# ACT

**To amend the Administration of Estates Act, 1965, so as to replace certain obsolete provisions in certain sections of the said Act; to make provision for the submission for assessment of an account of an appraiser only in the case of a dispute; to make the delivery of proof of a death obligatory in certain cases; to do away with the duty of the Master to furnish returns of certain interests in immovable property to registration officers; to better regulate the steps to be taken by the Master in order to appoint executors on failure of nomination of executors or on death, incapacity or refusal to act; to further regulate the liquidation of estates of persons who upon their death are not resident in the Republic; to further regulate the lodging of an inventory and additional inventory; to regulate more clearly the duty of an executor to open a banking account in the name of an estate, and to better regulate the power of an executor to transfer any such account or to invest moneys in any such account; to do away with the power of the Master to direct a shorter period to lodge claims in certain estates; to increase the amount of money that sales in execution of property in deceased estates are restricted to; to further regulate the duties of executors in connection with liquidation and distribution accounts, and to make provision for the submission to the Master of supplementary liquidation and distribution accounts in respect of assets found in estates after the final accounts were submitted; to exempt the executor in certain circumstances from the duty to publish certain notices in respect of certain accounts; to provide that vouchers in support of certain liquidation and distribution accounts need only be submitted if the Master so requires; to regulate more clearly the powers of the Master or any person having an interest in the liquidation and distribution of the estate, when the executor fails to lodge accounts or to perform duties; to impose the duty on a convyancer to lodge with the registration officer concerned a certificate that the proposed transfer or endorsement is in accordance with the liquidation and distribution account; to exempt natural guardians of minor heirs in certain circumstances from the obligation to provide security in respect of money or other movable property paid or delivered to them on behalf of such heirs; to make further provision for the sale of property**

**sodanige erfgename betaal of oorhandig word; verdere voorsiening vir die verkoop van goed in 'n boedel te maak; ander voorsiening te maak vir 'n eksekuteur om uit die Republiek afwesig te wees; die ontheffing van 'n eksekuteur uit sy amp deur die Meester verder te reël; verdere voorsiening te maak in sekere omstandighede vir die aanstelling deur die Meester van persone as voogde of kurators; die sekerheidstelling deur voogde of kurators verder te reël; verdere voorsiening te maak vir die uitbetaling van gelde in die voogdyfonds aan natuurlike voogde, voogde en kurators, van minderjariges en ander persone, en om die bedrag waartoe sodanige uitbetaling beperk is, te verhoog; die bedrag van onopgeëiste gelde in die voogdyfonds wat gepubliseer moet word, te verhoog, en om die tydperk waarin sodanige bedrae onopgeëis moet wees vir doeleindes van sodanige publikasie te verkort; die publikasie van 'n staat deur iedere persoon in besit van onopgeëiste gelde, en die inbetaling daarvan in die voogdyfonds beter te reël; en om die bepalings in verband met misdrywe uit te brei; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 27 Maart 1986)*

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 4 van Wet 66 van 1965.

**1.** Artikel 4 van die Boedelwet, 1965 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (ii) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(ii) in die geval van 'n **[geestelik gekrenkte of gebrekkige]** geestesongestelde persoon wat kragtens die **["Wet op Geestesgebreken, 1916" (Wet No. 38 van 1916)]** Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), in enige plek opgeneem is of aangehou word, regsbevoegdheid by die Meester berus wat onmiddellik voor bedoelde opname of aanhouding, kragtens paragraaf (a) of (b) ten opsigte van sy goed regsbevoegdheid besit het.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 66 van 1965.

**2.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Iedere taksateur is, ten opsigte van elke waardering wat hy doen, geregtig op 'n redelike vergoeding wat volgens 'n voorgeskrewe tarief van gelde bereken word, en lê in geval van 'n geskil aangaande die korrektheid daarvan sy rekening aan die Meester vir taksasie voor.".

**in an estate; to make other provision for an executor to be absent from the Republic; to further regulate the removal from office of an executor by the Master; to make further provision for the appointment by the Master of persons as tutors or as curators in certain circumstances; to further regulate security by tutors and curators; to make further provision for the payment of moneys in the guardian's fund to natural guardians, tutors and curators, of minors and other persons, and to increase the amount to which such payment is restricted to; to increase the amount of unclaimed moneys in the guardian's fund to be published, and to shorten the period during which such amounts shall, for the purposes of such publication, be unclaimed; to better regulate the publication of a statement by every person who holds unclaimed moneys and the payment into the guardian's fund thereof; and to extend the provisions in connection with offences; and to provide for incidental matters.**

---

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 27 March 1986)*

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 4 of of Act 66 of 1965.

**1.** Section 4 of the Administration of Estates Act, 1965 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph (ii) of the proviso to subsection (2) of the following paragraph:

"(ii) in the case of any mentally **[disordered or defective]** ill person who **[is]** under the **[Mental Disorders Act, 1916 (Act No. 38 of 1916)]** Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973), has been received or is detained in any place, jurisdiction shall lie with the Master who, immediately prior to such reception or detention, had jurisdiction in respect of his property under paragraph (a) or (b).".

Amendment of section 6 of Act 66 of 1965.

**2.** Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

" (5) Every appraiser shall, in respect of every appraisement made by him, be entitled to a reasonable remuneration which shall be assessed according to a prescribed tariff of fees, and shall in case of a dispute regarding the correctness thereof submit his account to the Master for taxation.".

## BOEDELWYSIGINGSWET, 1986

Wysiging van artikel 7 van Wet 66 van 1965.

**3.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

" (4) Indien die persoon wat 'n sterfkennis onderteken, nie by die sterfgeval aanwesig was of na die dood die oorledene uitgeken het nie, **[kan]** moet bedoelde persoon aan die Meester **[van enigiemand wat by die boedel belang het]** bewys van die sterfgeval **[verlang]** lewer.".

Herroeping van artikel 10 van Wet 66 van 1965.

**4.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 18 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 15 van 1978 en artikel 1 van Wet 17 van 1981.

**5.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Meester moet, behoudens die bepalings van subartikels (3), **[(4)]** (5) en (6) -";

(b) deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf (f) volg deur die volgende woorde te vervang:

"die persoon of persone wat hy geskik ag om eksekuteur of eksekuteurs van die boedel van die oorledene te wees, aanstel en eksekuteursbriewe aan hom of hulle uitreik, of, indien hy dit nodig of wenslik ag, by kennisgewing gepubliseer in die ***[Staatskoerant]*** *Offisiële Koerant* en op die ander wyse wat na sy oordeel die beste daarop bereken is om dit tot die kennis van die betrokke persone te bring, die langslewende eggenoot (as daar een is), die erfgename van die oorledene, en alle persone wat vorderings teen die boedel het, aansê om voor hom of, indien wensliker, voor 'n ander Meester of 'n landdros op 'n tyd en plek in die kennisgewing vermeld, te verskyn, ten einde by die Meester 'n persoon of 'n bepaalde getal persone vir aanstelling as eksekuteur of eksekuteurs aan te beveel.";

(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

" (2) Indien die Meester 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) gepubliseer het, stel hy by ontvangs van **[bedoelde]** die betrokke aanbeveling of wanneer dit blyk dat die betrokke persone versuim het om 'n aanbeveling te doen, **[stel die Meester]** behoudens die bepalings van subartikel (3) en artikels 19, 22 en 23, tensy dit vir hom voorkom dat dit nodig of wenslik is om die aanstelling uit te stel en 'n ander kennisgewing kragtens subartikel (1) te publiseer, die persoon of persone aan wat hy geskik ag om eksekuteur of eksekuteurs van die boedel van die oorledene te wees, en reik hy eksekuteursbriewe aan hom of hulle uit.";

## ADMINISTRATION OF ESTATES AMENDMENT ACT, 1986



Amendment of section 7 of Act 66 of 1965.

**3.** Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

" (4) If the person signing any death notice was not present at the death, or did not identify the deceased after death, **[the Master may call upon any person having any interest in the estate for]** such person shall furnish the Master with proof of the death.".

Repeal of section 10 of Act 66 of 1965.

**4.** Section 10 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 18 of Act 66 of 1965, as amended by section 1 of Act 15 of 1978 and section 1 of Act 17 of 1981.

**5.** Section 18 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"The Master shall, subject to the provisions of subsections (3), **[(4)]** (5) and (6) -";

(b) by the substitution in subsection (1) for the words following on paragraph (f) of the following words:

"appoint and grant letters of executorship to such person or persons whom he may deem fit and proper to be executor or executors of the estate of the deceased, or, if he deems it necessary or expedient, by notice published in the *Official Gazette* and in such other manner as in his opinion is best calculated to bring it to the attention of the persons concerned, call upon the surviving spouse (if any), the heirs of the deceased and all persons having claims against **[his]** the estate, to attend before him or, if more expedient, before any other Master or any magistrate at a time and place specified in the notice, for the purpose of recommending to the Master for appointment as executor or executors, a person or a specified number of persons.";

(c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) If the Master has published a notice under subsection (1) he shall, on receipt of **[such]** the recommendation in question or when it appears that the persons concerned have failed to make any recommendation, **[the Master shall]** subject to the provisions of subsection (3) and sections 19, 22 and 23, unless it appears to him to be necessary or expedient to postpone the appointment and to publish another notice under subsection (1), appoint and grant letters of executorship to such person or persons as he deems fit and proper to be executor or executors of the estate of the deceased.";

(d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

" (3) Indien die waarde van 'n boedel nie meer as R15 000 bedra nie, kan die Meester van **['n kennisgewing kragtens subartikel (1) en van]** die aanstelling van 'n eksekuteur afsien, en opdrag gee aangaande die wyse waarop so 'n boedel beredder en verdeel moet word.";

(e) deur subartikel (4) te skrap; en

(f) deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Meester kan te eniger tyd **[sonder so 'n kennisgewing]** -".

Wysiging van artikel 19 van Wet 66 van 1965.

**6.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien meer as een persoon **[by 'n vergadering ingevolge 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) van artikel 18]** vir aanbeveling by die Meester benoem word, gee die Meester by die doen van 'n aanstelling voorkeur aan-".

Vervanging van artikel 25 van Wet 66 van 1965.

**7.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Boedels van persone wat by hul dood nie in die Republiek woon en geen goed behalwe roerende goed in die Republiek het nie.

25. (1) By die dood van iemand wat nòg sy gewone verblyf in die Republiek het nòg die eienaar is van enige goed in die Republiek behalwe **[aandele, effekte of 'n reg op diwidende daarop verskuldig, of 'n kredietsaldo by 'n bank of ander finansiële instelling, of obligasies of 'n reg op rente daarop verskuldig]** roerende goed, kan die Meester, behoudens die bepalings van subartikel (2) -

(a) sonder om die gewone prosedure in ag te neem of om sekerheidstelling te verlang -

(i) 'n eksekuteursbrief wat kragtens artikel 21 aan hom voorgelê of by hom ingelewer word, onder ampseël onderteken; of

(ii) indien geen sodanige brief voorgelê of ingelewer word nie, 'n eksekuteur aanstel om die boedel te beredder en te verdeel of die wyse voorskryf waarop die boedel beredder en verdeel moet word; en

(d) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If the value of any estate does not exceed R15 000, the Master may dispense **[with a notice under subsection (1) and]** with the appointment of an executor and give directions as to the manner in which any such estate shall be liquidated and distributed.";

(e) by the deletion of subsection (4); and

(f) by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"The Master may at any time **[without any such notice]** -".

Amendment of section 19 of Act 66 of 1965.

**6.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"If **[at any meeting in pursuance of a notice under subsection (1) of section 18]** more than one person is nominated for recommendation to the Master, the Master shall, in making any appointment, give preference to -".

Substitution of section 25 of Act 66 of 1965.

**7.** The following section is hereby substituted for section 25 of the principal Act:

"Estates of persons who upon their death are not resident in the Republic and do not own any property other than movable property in the Republic.

25. (1) Upon the death of any person who is neither ordinarily resident within the Republic nor the owner of any property therein other than **[shares, stocks or any right to dividends due thereon, or any credit balance at any bank or other financial institution, or debentures or any right to interest due thereon]** movable property, the Master may, subject to the provisions of subsection (2) -

(a) without observing the usual procedure or requiring security -

(i) sign and seal letters of executorship produced to or lodged with him under section 21; or

(ii) if no such letters are produced or lodged, appoint an executor to liquidate and distribute the estate, or direct the manner in which the estate shall be liquidated and distributed; and

(b) skriftelik onder sy handtekening en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, die eksekuteur van voldoening aan die bepalings van artikel 35 vrystel.

(2) Die Meester oefen nie sy bevoegdhede kragtens subartikel (1) uit nie tensy -

(a) 'n beëdigde verklaring wat deur die persoon afgelê is en die besonderhede bevat wat voorgeskryf word, by hom ingedien is in die plek van die dokumente ingevolge die voorbehoudsbepaling by artikel 21 vereis;

(b) die boedelbelasting ten opsigte van **[die aandele, diwidende of obligasies]** bedoelde roerende goed betaalbaar, betaal is of die betaling daarvan tot bevrediging van die bevoegde owerheid gewaarborg is; en

(c) hy oortuig is dat niemand in die Republiek benadeel sal word nie.".

Wysiging van artikel 27 van Wet 66 van 1965.

8. Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) 'n Eksekuteur wat deur die Meester daartoe aangesê word of van wie ingevolge artikel 23 vereis is om sekerheid te stel, moet -

(a) binne 30 dae nadat 'n eksekuteursbrief aan hom uitgereik is of binne die verdere tydperk of tydperke wat die Meester toestaan, by die Meester 'n deur hom eiehandig ondertekende inventaris in die voorgeskrewe vorm inlewer waarin die geskatte waarde van alle goed in die boedel aangegee word; en

(b) daarna, wanneer hy van enige sodanige goed te wete kom wat nie in 'n inventaris deur hom by die Meester ingelewer, vermeld word nie, binne 14 dae nadat hy van daardie goed te wete gekom het, of binne die verdere tydperk wat die Meester toestaan, by die Meester 'n addisionele inventaris deur hom aldus onderteken, inlewer waarin die geskatte waarde daarvan aangegee word.";

(b) by writing under his hand and subject to such conditions as he may determine, exempt the executor from compliance with the provisions of section 35.

(2) the Master shall not exercise his powers under subsection (1) unless -

(a) an affidavit made by such person and containing such particulars as may be prescribed has been lodged with him in the place of the documents required in terms of the proviso to section 21;

(b) the estate duty payable in respect of the **[shares, dividends or debentures]** said movable property has been paid or the payment thereof has been secured to the satisfaction of the proper authority; and

(c) he is satisfied that no person in the Republic will be prejudiced.".

Amendment of section 27 of Act 66 of 1965.

**8.** Section 27 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) An executor who is ordered thereto by the Master or who in terms of section 23 has been required to find security, shall -

**(a) within 30 days after letters of executorship have been granted to him, or within such further period or periods as the Master may allow, lodge with the Master an inventory in the prescribed form signed by him in person showing the estimated value of all property in the estate; and**

**(b) thereafter, whenever he comes to know of any such property which is not mentioned in any inventory lodged by him with the Master, within 14 days after he has come to know of such property, or within such further period as the Master may allow, lodge with the Master an additional inventory so signed by him showing the estimated value thereof.";**

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien **['n eksekuteur]** in 'n inventaris by die Meester ingelewer **[op enige goed 'n waarde gestel het]** ingevolge artikel 9 of subartikel (1) van hierdie artikel, 'n skatting gemaak is van die waarde van enige goed waaromtrent die Meester rede het om te vermoed dat dit nie **[die werklike waarde]** 'n redelik korrekte skatting daarvan is nie, kan die Meester op koste van die boedel gelas dat daardie goed deur 'n taksateur of 'n ander deur die Meester goedgekeurde persoon **[laat waardeer]** gewaardeer word."; en

(c) deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 28 van Wet 66 van 1965, soos vervang deur artikel 3 van Wet 79 van 1971.

**9.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Eksekuteur -

(a) moet, tensy die Meester anders gelas, sodra hy meer as **[veertig rand]** R100 aan boedelgelde voorhande het, by 'n bankinstelling in die Republiek 'n **[rekening]** tjekrekening op naam van die boedel open, en die gelde wat hy voorhande het daarin stort, asook die ander gelde wat hy van tyd tot tyd vir die boedel ontvang;

(b) kan **[met skriftelike verlof van die Meester]** by 'n bankinstelling of 'n bouvereniging 'n spaarrekening op naam van die boedel open, en kan soveel van die gelde gestort in die in paragraaf (a) vermelde rekening as wat nie onmiddellik vir betaling van 'n vordering teen die boedel nodig is nie, daarin oorbetaal;

(c) kan **[met skriftelike verlof van die Meester]** soveel van die gelde gestort in die in paragraaf (a) vermelde rekening as wat nie onmiddellik vir betaling van 'n vordering teen die boedel nodig is nie, by 'n bankinstelling of 'n bouvereniging in rentedraende deposito plaas."; en

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) 'n Eksekuteur wat ter voldoening aan 'n versoek van die Meester kragtens subartikel (2), die Meester in kennis gestel het van die kantoor of tak van die bankinstelling of bouvereniging waarin hy 'n in subartikel (1) vermelde rekening geopen het, plaas so 'n rekening nie van enige sodanige kantoor of tak

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) If **[any executor has]** in any inventory lodged with the Master **[ placed upon any property a value]** in terms of section 9 or subsection (1) of this section, any estimate has been made of the value of any property which the Master has reason to believe is not **[the true value]** a reasonably correct estimate thereof, the Master may, at the expense of the estate, **[cause the value of]** order that property to be appraised by an appraiser or any other person approved by the Master."; and

(c) by the deletion of subsection (3).

**9.** Section 28 of the principal Act is hereby amended -

Amendment of section 28 of Act 66 of 1965, as substituted by section 3 of Act 79 of 1971.

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) An executor -

(a) shall, unless the Master otherwise directs, as soon as he has in hand moneys in the estate in excess of **[forty rand]** R100, open **[an]** a cheque account in the name of the estate with a banking institution in the Republic and shall deposit therein the moneys which he has in hand and such other moneys as he may from time to time receive for the estate;

(b) may **[with the written permission of the Master]** open a savings account in the name of the estate with a banking institution or a building society and may transfer thereto so much of the moneys deposited in the account referred to in paragraph (a) as is not immediately required for the payment of any claim against the estate;

(c) may **[with the written permission of the Master]** place so much of the moneys deposited in the account referred to in paragraph (a) as is not immediately required for the payment of any claim against the estate on interestbearing deposit with a banking institution or a building society."; and

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

" (3) No executor who in compliance with a request of the Master under subsection (2), has notified the Master of the office or branch of the banking institution or building society with which he has opened an account referred to in subsection (1) shall transfer any such account from any such office or branch to

na 'n ander sodanige kantoor of tak oor nie, behalwe na skriftelike kennisgewing aan die Meester.".

Wysiging van artikel 29 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 15 van 1978 en artikel 2 van Wet 17 van 1981.

**10.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te skrap.

Wysiging van artikel 30 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 15 van 1978.

**11.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) daarna, tensy, in die geval van goed ter waarde van hoogstens **[vyfhonderd rand]** R5 000, die Meester, of in die geval van enige ander goed, die Hof anders gelas,".

Wysiging van artikel 35 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 15 van 1978.

**12.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) 'n Eksekuteur moet, so spoedig doenlik na die laaste dag van die tydperk in **['n]** die in subartikel (1) van artikel 29 bedoelde kennisgewing vermeld, maar binne

(a) ses maande nadat 'n eksekuteursbrief aan hom uitgereik is **[as die bruto waarde van die boedel meer as vyfduisend rand bedra]**; of

**[(b) drie maande nadat 'n eksekuteursbrief aan hom uitgereik is, as die bruto waarde van die boedel nie meer as vyfduisend rand bedra nie; of**

**(c)]** (b) die verdere tydperk wat die Meester in enige geval toestaan,

aan die Meester 'n rekening in die voorgeskrewe vorm voorlê **[, gestaaf deur bewysstukke,]** van die beredding en verdeling van die boedel.";

(b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

" (1A) Indien daar te enige tyd nadat die rekening in subartikel (1) beoog aan die Meester voorgelê is, verdere bates in die boedel gevind word en die rekening nie ingevolge hierdie artikel gewysig word ten einde voorsiening te maak vir die aanwending of verdeling van die opbrengs van daardie bates nie, moet die eksekuteur ten opsigte van daardie bates 'n aanvullende rekening in die voorgeskrewe vorm aan die Meester voorlê.";

(c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

any other such office or branch, except after written notice to the Master.".

Amendment of section 29 of Act 66 of 1965, as amended by section 2 of Act 15 of 1978 and section 2 of Act 17 of 1981.

**10.** Section 29 of the principal Act is hereby amended by the deletion of the proviso to subsection (1).

Amendment of section 30 of Act 66 of 1965, as amended by section 3 of Act 15 of 1978.

**11.** Section 30 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

"(b) thereafter, unless, in the case of property of a value not exceeding **[five hundred rand]** R5 000, the Master or, in the case of any other property, the Court otherwise directs,".

Amendment of section 35 of Act 66 of 1965, as amended by section 5 of Act 15 of 1978.

**12.** Section 35 of the principal Act is hereby amended -

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) An executor shall, as soon as may be after the last day of the period specified in the notice referred to in subsection (1) of section 29, but within -

(a) six months after letters of executorship have been granted to him **[if the gross value of the estate exceeds five thousand rand]**; or

**[(b) three months after letters of executorship have been granted to him if the gross value of the estate does not exceed five thousand rand; or**

**(c)]** (b) such further period as the Master may in any case allow,

submit to the Master an account in the prescribed form **[, supported by vouchers,]** of the liquidation and distribution of the estate.";

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

" (1A) If at any time after the account contemplated in subsection (1) was submitted to the Master, additional assets are found in the estate and the account is not amended in terms of this section so as to provide for the application or distribution of the proceeds of those assets, the executor shall in respect of those assets submit to the Master a supplementary account in the prescribed form.";

(c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

